KONINKRYKSTYD

In dié kerkjaarseisoen gesels ons oor dissipelskap en groei.

Laai die DinkJeug Families app af. Luister, lees, gesels en bid saam.

HUISGELOOF

HEMEL

TEKS: 1 TESS 4

OMGEE

Het jy al ooit gewonder oor die hemel? Deel met mekaar. Dikwels wonder ons oor die hemel wanneer ons dink oor die dood of verlang na mense wat reeds oorlede is. Is daar iemand wat jy ken wat al oorlede is? In die Bybelse tyd het mense ook nagedink oor die lewe na die dood. Paulus skryf hieroor in ‘n brief.

GESELS

Lees 1 Tess 4:13-18

- Hoekom is mense hartseer as iemand sterf?
- Het jy al ooit so gevoel?
- Hierdie brief wil mense bemoedig met ‘n prentjie van die ewige lewe. Wat is jou prentjie van die hemel?
- Wat staan vir jou uit in die teks?
- Hoe bemoedig dit vir jou om te weet jy gaan eendag weer jou geliefdes sien?

DOEN

Teken die hemel soos wat jy dit kan verbeel. Dit maak nie saak hoe jy dit teken nie (daar is nie ‘n “regte” manier om dit te doen nie), dit moet net vir jou ‘n hoopvolle positiewe prentjie wees.

BID

- Bid vir mense wat hartseer is omdat hulle verlang na iemand wat oorlede is.
- Sê dankie vir die hemel en die ewige lewe wat die Here vir ons belowe.

DINK JEUG Families

Laai die DinkJeug Families app gratis af:

Google Play:

Apple iStore: